

Wie gee-

Word ons getoets?

Waar kom ons vandaan?

God is werklik **lief** vir ons!

Kan ek my saligheid verdien?

Almal van ons glo dat ons gered is.

Hoekom sien ons nie die engele nie?

God se kinders is nog nie volmaak nie. Om te glo, is om seker te wees van die

dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie kan sien nie.

Ons werk so hard aan ons tydelike bestaan hier, wat laat ons dink dat die ewige somer vanself gaan regkom? "Ek het jou altyd **lief** gehad met 'n ewige **liefde**".

Die Here het ons nie 'n gemaklike reis belowe nie, maar wel 'n **veilige** aankoms!

Om op jou voete te bly moet jy gereeld op jou knieë gaan. Kyk of ek nie op die

verkeerde pad is nie, en lei my op die regte pad. Mag julle in staat wees om saam

met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die **liefde** van

Christus strek. Mag julle sy **liefde** ken, **liefde** wat ons verstand te bowe gaan,

en mag julle heeltemal vervul word met die **volheid van God**. Aan Hom wat

deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat

ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons

verbondenheid met Christus Jesus, deur aldie geslagte heen tot in alle

ewigheid. Amen." Ef.3:18. Sels al gaan ek deur donker dieptes sal

ek nie bang wees nie, want U is by my, in U hande is ek **veilig**.

U laat my by n **feesmaal** aansit. U ontvang my soos 'n **eregas**,

ek word oorlaai met **hartlikheid**. "Hy is vol **vreugde** oor

jou, Hy is stil tevrede in Sy **liefde**, Hy jubel en **juig**

oor jou" En onthou: **Ek is by julle** al die dae tot

die voleinding van die wereld. Gaan uit,

die hele wereld in, en **verkondig** die

evangelie aan die hele mensdom

Die Here is my herder!

Kom Here Jesus!

Ja, kom

gou!



Hoekom is ek hier?

Verrykings Aksie van:

Die Gereformeerde Kerk, Randburg.

www.gkrandburg.org.za

Waarom is ek hier, waar kom ek vandaan, waarheen gaan ek? Wat is die doel van die engele, die engeleval, die mens en die sondeval, die Tien Gebooie en die kruisdood? Waarom al die swoeg, swaarkry en ellende? Waarom so baie gelowe?

Hierdie vrae was grys areas vir my totdat ek die enigste betroubare bron tot die mens se beskiking begin bestudeer het om antwoorde hieroor te vind.

Ek het altyd gedink ons moet 'n goeie CV hê wat ons vir die Here kan voorlê oor al die mooi dinge wat ons gedoen het om onself waardig te probeer bewys vir Sy koninkryk. Dat dit soos 'n werkgewer/werknemer verhouding was. As ek goed is dan kan ek dit dalk maak met 'n bietjie hulp van bo....?

Ek is nou verleë omdat ek my wonderlike God en Here so skandelik onderskat het! Mag Hy my vergewe!

Ons enigste ware God is 'n God van Liefde! God = liefde! Ja, ongelooflike, wonderbare en onverstaanbare liefde – vir ons! Man en vrou; ek en jy! Ons verhouding met Hom is nie 'n saak van 'goed' wees nie, maar 'n saak van liefde! Dit is net soos 'n huwelik waar God ons met soveel geduld en so baie kere reeds Sy onpeilbare liefde vir ons bewys het. Soos 'n bruidegom vir Sy bruid! Hy vra ons vir die “JA” – woord; en Hy toets ons daarvoor! Gaan ons vir Hom “JA” sê, Hom soek en leer ken, in 'n verhouding met Hom kom en betrokke raak met Sy sake? Of gaan ons dit maar net ignoreer of uitstel en dan weer afstel...?

Ons Skepper en Saligmaker is werklik wonderlik, die feite maak sin, en dit kan bewys word! So baie anders as wat ek gedink het!

DIE ENIGSTE WARE GOD IS LIEFDE!

Lank, lank gelede reeds was daar 'n Wese. Hy was die begin van alles, vol liefde, Hy was liefde, Hy was God drie-enig.

Hy is volmaak, skeppend en almagtig. Hy is een God, maar terselfdertyd drie persone: God die Vader, die Seun (Jesus Christus), en die Heilige Gees (Joh.1:1;Kol.1:13-23). Dit is amper soos die verskillende direkteure van 'n maatskappy; elkeen vervul sy eie funksie maar almal werk tot voordeel van die maatskappy.

Sy liefde is so groot, dat Hy besluit het om 'n wonderlike, volmaakte en ewige lewe te skep waar Hy met baie mense wat Hom ook liefhet in volmaakte vreugde, vrede en liefde saam kan wees. Daar sal almal volmaak vir God en mekaar omgee, mekaar dien en liefhê, terwyl Hy sy skepsels in ongelooflike en volmaakte vreugde vervul. Te wonderlik vir die menslike verstand om te begryp! Vir hierdie doel het God die kroon van sy skepping gemaak; die mens, ek en jy!

Hy het die wonderlikste paradys geskep alles is in oormaat vir ons gemaak, baie, baie meer as wat ons nodig het om van te lewe! Ons het maar net 'n son, die aarde en die maan nodig om op te lewe. Maar die sterre strek verder as wat ons kan waarneem selfs met ons beste ruimteteleskope! Die sterrekundiges leer 'n leeftyd daaraan en verstaan nog maar min! Die eenvoudigste lewende sel is meer ingewikkeld as 'n groot stad met al sy infrastrukture, geboue en tegnologie; te ingewikkeld vir ons om te verstaan! Die see is dieper as wat ons kan gaan, en oral wemel dit van asemrowende lewe! Oral waar ons kyk is daar lewe en die prag daarvan is verstommend! Daar is so baie spesies en daagliks word nog nuwes ontdek. 'n Handjievol insekte sou die werk kon doen, maar kenners meen dat daar meer as vier miljoen geskep is! Wetenskaplikes spandeer 'n leeftyd om net *een* spesie te ontleed en selfs dan kan ons nie alles daarvoor ontrafel nie! 'n Leef tyd is te min om alles te kan waardeer! En dan praat ek nie eers van al ons energie bronne, metaal en mineraal-skatte nie! Selfs die wetenskap hou ons briljantste wetenskaplikes in vervoering vir 'n leeftyd! Waarlik, die skepping van 'n liefdevolle God wat 'n groot passie vir sy skepsels het!

Menslike verliefdes besing hulle liefde vir mekaar toe in talle emosie-belaaide liedjies soos bv:

Hulle belowe vir mekaar die wêreld, maar;
*God het nie net die aarde nie maar ook die son, die maan, en die totale heelal **net** vir ons gemaak!*
Hulle belowe mekaar die son, die maan, die sterre, maar: dit behoort nie aan hulle nie, dus is dit leë beloftes.
God belowe ons 'n nuwe hemel, 'n nuwe aarde, en selfs nuwe ligame, en ons weet dat Hy geloofwaardig is!
Hulle gee mekaar mooi blomme of rooi rose, maar;
God het ons 'n ryk skat van ontelbare plante, struike en bome gegee vir ons gebruik!
Hulle belowe om hul hele lewe met 'n geliefde deur te bring, maar; God wil ons by Hom hê tot in alle ewigheid!
Hulle belowe om berge vir mekaar te klim, die diepste see te swem, mekaar van drake te red, maar;
Jesus het gewillig Sy wonderlike koninkryk verlaat om as mens na ons toe te kom en selfs toegelaat dat mense soos ons Hom op 'n gruwelike en vernederende wyse vermoor. Hy het selfs deur hel gegaan, om ons van die grootste draak van alle tye: die satan te red!

So ongelooflik dat baie mense dit nie kan glo nie!

Die hele skepping is *net* vir ons geskape, net vir die mens en net vir 'n tydelike doel! Dit sal vergaan wanneer ons dit nie meer nodig het nie. Niks of niemand gaan dit na ons benut nie!

Ons lees dikwels van ons Skepper se groot liefde vir mense orals in die Bybel. Gen.15:8- beskryf bv hoe die Here 'n verbond met Abraham gesluit het; en alleen die ooreenkoms “geteken” het!

Alles is geskep en gereed gemaak vir ons voordat ons dit nodig gehad het! Net so is Jesus nou besig om 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde te skep, in tyd vir ons aankoms in Sy ewige Koninkry (Joh.14:1-)! So mooi dat dit ons verstand te bowe gaan! Jesus verlang al lankal dat ons daar moet wees (Joh.17:24)!

So onpeilbaar soos Sy skepping is, so diep en ingewikeld dat ons dit nie kan begryp nie, net so onbegryplik groot is God se

liefde vir ons! Hy sê daardeur hard en duidelik vir ons: “Kyk hoe magtig is Ek! Kyk hoe lief is Ek vir julle! Niks is vir My te veel moeite as dit by julle kom nie!”

Die Engele kon kies.

Die engele (en ons) is nie soos robotte of rekenaars geskape nie. My rekenaar doen waarvoor dit ontwerp is en waarvoor ek dit gekoop het. Ek is tevrede daarmee; maar ek het dit nie *lief* nie!

Die engele en ons is baie anders as rekenaars geskep. Ons is as individue geskep en elkeen het ‘n unieke persoonlikheid met ‘n eie wil, karakter en smaak. Ons word verskillend groot gemaak en dit beïnvloed ook ons uitkyk op die lewe. Ons doen elkeen dinge op ons eie manier en volgens ons eie voorkeure.

So was baie van die engele God in alles gehoorsaam en het Hom met vreugde gedien. Maar ‘n deel van hulle wou hulle eie baas wees (2Pet.2:4), sonder God (net soos ons ook geneig is). God het toegelaat dat hulle hulle eie pad gaan omdat Hy niemand teen sy sin in Sy koninkryk wil dwing nie. Hy wil nie slawe hê nie! Die gevolg hiervan is dat God hulle later uit die hemel uitgewerp het. Hulle het God se vyand geword en is nou bese engele of duiwels. Hulle leier is Lucifer of Satan, ook bekend as die groot leuenaar.

Satan se missie is om God te bedreig en te probeer verslaan maar hy kan dit natuurlik nie regkry nie. God is magtiger as hy. Nou fokus hy op Sy skepping, veral die mens waarvoor God so lief is, om ons skade aan te doen en van God te vervreem. God kan hom enige tyd stop, maar vir nou word hy nog gebruik. God het dus Sy eie teenstander geskep sodat ons nie verplig is om Hom soos slawe te dien nie, maar omdat ons wil!

Ons groot stryd is teen satan en die bese geeste in die lug wat alles sal probeer dat ons van God geskei sal bly. Ons moet soek en teen die bese stry om God te vind!

Adam en Eva se keuse.

Adam en Eva het in ‘n wonderlike plek gewoon, werklik ‘n paradys! Volmaakte vrugte en voedsel om van te eet en die prag

en plesier van hulle omgewing wat hulle heeldag kon betower. Daar was geen dood, siektes, pyne, sondes, dorings of roofdiere nie. Elke dag was pure plesier in harmonie en vreugde in die wonderlike paradys wat God net vir die mens gemaak het!

Maar Satan het die mens kom verlei. Hy weet dat hy nie soos God kan wees nie maar hy wou die mens laat dink dat hulle wel so kan wees. Dit is natuurlik 'n leuen. Daar is net een ware God.

God kon die versoeking en die sondeval gekeer het, maar Hy het nie. Soos ons almal weet het beide Adam en Eva van die verbode vrugte ge-eet en daardeur verkies om aan Satan gehoorsaam te wees eerder as aan God. Ten spyte van God se groot liefde vir die mens, het die mens God verwerp en gevolglik is hulle uit die Paradys uitgewerp! Die noue band tussen mens en God is verbreek. Daarna het die dood 'n werklikheid geword en dit was die begin van al die swoeg, sweet, swaarkry, siekte en smarte vir die mens, wat met ywer deur die bose aangevuur word! Dit is dus nie God wat al die ellende oor ons gebring het nie, maar ons menslike natuur wat God nou nog verwerp en die bose verkies, en so het die mens die ellende van satan daarmee saam gekry!

Omdat ons Adam en Eva se nasate is, erf ons hulle sondige neiging (Rom.3:23), en dat ons verwyder is van God en outomaties bestem is om vir ewig sonder Hom te bestaan.

God gee vir ons waarvoor ons vra: As ons God nie in ons lewe wil hê nie, dan bly Hy daaruit en dan kry ons die bose saam met al sy ellende en pyne; tot in alle ewigheid (in die hel)! Tensy ons persoonlik en betyds met Hom regmaak, as ons *wil* (Op.22:17)!

Die Tien Gebooe.

God se liefde vir ons is so groot dat Hy ons nog 'n kans gegee het om gered te word: Ons sou onself dalk kon red as ons die Tien Gebooe volmaak kon onderhou. Soos 'n bruid se trourok, moes ons egter onbevlek deur enige sonde van enige aard wees, om aanvaarbaar te wees.

Niemand van ons kan dit egter doen nie (Rom.3:23). As ons dink ons kan, dan is dit omdat ons so sondig is dat ons nie meer ons

sondes herken nie! Die meeste van ons is so besig met ons daaglikse lewens dat ons nie meer tyd het vir God se sake nie! Nie meer tyd om betrokke by die kerk te wees nie of net om 'n huisbesoek te ontvang. Selfs skool en sport is vir ons belangriker as ons geloofsake! Dit alleen is 'n oortreding teen die eerste gebod en dit bewys dat ons God nie meer as alles en almal anders liefhet en eer nie!

Toets jouself gerus. Begin môre-oggend met pen en papier byderhand. Trek 'n strepie elke keer wat jy die Here se naam misbruik, of stilbly as iemand anders dit doen, Hom nie eer en erken vir al die gawes wat jy ontvang nie, lieg, vloek, skel, steel, kwaad word, slaap saam met iemand waarmee jy nie getroud is nie of dit selfs net begeer, van iemand skinder, jou medemens in nood nie help nie of selfs benadeel. Hoe lyk jou papier na net 'n paar ure?

Al doen ons net drie sondes per dag dan is dit ongeveer 'n duisend per jaar! Hoeveel in 'n leeftyd? Wat sal jou bruidegom doen as jy soveel vlekke op jou trourok het? As jy soveel verkeersoortredings het word jy toegesluit en die sleutel word weggegooi!

Dus is ons skuldig voor God nie net omdat ons dit van Adam en Eva ge-erf het nie, maar ook omdat ons persoonlik besmet is met sondes! Ons is almal sondaars (1Joh.1:18) en ons gaan almal hel toe!

Jesus se Ongelooflike Liefde en Genade.

Maar God is so lief vir die mens dat Hy weereens iets ongeloofliks, en wonderlik doen! Hy straf sy eie Seun in ons plek, om ons te red (1Pet.3:18-!) Die Heilige Gees het met 'n wonderwerk dit laat gebeur dat Maria swanger geword het en so het Jesus Christus Sy wonderlike koninkryk en Vader verlaat om as mens op aarde gebore te word (Joh.3:16). Hy wat volmaak is, kom en lewe die Tien Gebooie volmaak uit in ons plek, omdat ons nie kan nie!

Waar ons leiers gewoonlik relatief arm en onbekend die politieke wêreld betree en dan in die kollig verskyn en die wêreld van

rykdom, mag en aansien betree, het dit net andersom met Jesus gebeur. Jesus Christus het Sy wonderlike koninkryk en die Vader in die hemel verlaat om na ons toe te kom (Joh.17:5). Hy het gekom om te dien; nie om gedien te word nie! Die straf wat ons toekom, het dadelik vir Hom begin. Hy is gebore as 'n buitewegtelike kind in 'n baie konserwatiewe gemeenskap, in 'n skuur, in die hartjie van die winter, ver van Sy tuiste, en is in 'n krip neergelê. Herodes wou Hom dood maak en hulle moes vlug na Egipte. Jare later nadat Herodes gesterf het, het Hy in Nasaret, 'n baie arm dorp groot geword. Hy het baie mense geleer en gesond gemaak. Deur Sy lewe het baie mense Hom dikwels gespot en beledig, soos mense tot vandag toe nog steeds doen (Jes.53:2). Een van Sy geliefde apostels het Hom verloën en ander het Hom verraai. Hy is onskuldig ge-arresteer en gepynig. Barabbas, 'n krimineel is vrygelaat en Jesus is in sy plek gekruisig (Joh.18:40). Net soos Barabbas, is ons skuldig voor God, maar soos Barabbas is ons ook vrygemaak omdat Jesus wat onskuldig was, in ons plek en op die ergste en pynvolste wyse denkbaar, gestraf is, om vir al ons sondes te betaal.

Aan die kruis is Hy deur die Vader verlaat, en alleen aan Sy grootste vyand; die satan oorgelaat. Ons kan nie werklik die omvang van die pyn en swaarkry wat Jesus daar beleef het besef nie (Mat.26:38)!

Jesus is ook God, en daarom het Hy vooraf geweet wat met Hom gaan gebeur. Voor Sy arrestasie het Hy telkemale intens gebid en gepleit by die Vader dat Hy nie hierdie pyn, lyding en Godverlatenheid hoef te beleef nie. Maar nogtans het Jesus Homself soos 'n Lam onderwerp, uit liefde vir Sy Vader en vir ons (Rom.8:32;5:8)! Hierdie pyniging en leed kom ons toe, ons verdien dit, maar ons kan dit nie dra nie! Eerder as om ons te verloor, het Jesus self die volle prys self vir ons kom betaal!

Gedurende Sy lewe op aarde het Jesus baie mense; selfs op 'n afstand gesond gemaak of selfs uit die dood uit opgewek. Net so kon Hy almal wat Hom wou kruisig sumier laat sterf het as Hy wou. Hy het immers dikwels tussen mense verdwyn as hulle Hom wou stenig of gevange neem. Dus kon Hy Sy vernederende

kruisdood maklik ontglim het maar Hy het gewillig toegelaat dat sondaars soos ons Hom vermoor sodat ons daardeur gered kan word (Joh.18:11)!

Die Vader het ook opgeoffer vir ons: Sal ons ons eie kind waarvoor ons die liefste is verlaat en toelaat dat hy so moet swaarkry? En dit vir iets wat ons nie nodig het nie?

Die voorhangsel in die tempel het die mens destyds van God geskei. Toe Jesus gesterf het, het dit oop geskeur (Mat.27:51). Nou kan ons sondaarmense weer by God uitkom!

Ons 'goeie' dade tel nie meer nie en ons kan nie daardeur bydra nie. Soos 'n huislening wat iemand vir ons afbetaal het, ons kan nie meer bybetaal nie! Ons skuld is kwytskeld! Ons oordeelsdag is klaar verby! Hy het die dood oorwin en weer opgestaan (Mat.28; Luk24;) en later opgevaar na die hemel (Luk.24:50...Hand.1:9-11). Nou kan ons ook!

Die **tien gebooe** is nou nie meer bedoel om vir ons 'n toets of straf te wees nie, maar eerder om ons:

- te bevry van die gevolge van die sonde, en om ons bewus te maak van;
- hoe God gedien wil word;
- hoe sondig ons is;
- hoe nodig ons Jesus het om gered te word!

As ons dit wel kon onderhou sou ons lewens hier al baie beter gewees het omdat ons die gevolge daarvan sou vryspring.

Jesus het wel verdeeldheid op aarde gebring, maar vrede met God!

Die Here wil ons liefde ook hê!

Ons redding word dus baie anders bewerkstellig as wat algemeen aanvaar word. Mense wat nie soek na God nie, sal dit nie agterkom nie omdat dit nie met wêreldse reëls klop nie! Om te dink dat ons self ook met ons 'goeie' dade moet bydra impliseer dat Jesus dit nie volmaak vir ons gedoen het nie! Jesus is egter volmaak, en Hy doen alles volmaak, ook vir ons!

Waarom sou ons goeie lewens dan 'n voorvereiste wees vir God se koninkryk? Die bese gaan nie in die hemel wees nie dus sal mense in elk geval sondeloos wees daar!

Maar, nou het ons egter 'n ander verantwoordelikheid. God drie-enig het so dikwels en so oortuigend bewys hoe ongelooflik lief Hy vir ons is. Net so, wil Hy ons liefde, omgee en betrokkenheid ook hê! Die enigste manier wat ons nou gered kan word, is om Jesus aan te neem as ons enigste verlosser en saligmaker en om God bo alles lief te hê, en ons medemens soos onself (1Joh.5:11;Joh.14:6).

Hierdie verhouding is soos 'n huwelik. As jy graag jou lewe wil deel met iemand vir wie jy lief is, dan soek jy na so iemand. As jy so iemand gekry het dan gaan julle 'n tyd lank uit om mekaar goed te leer ken (katkiseer, bybelstudie), en julle verklaar en bewys dan julle liefde aan mekaar. As jy vêr weg is dan lees jy dikwels sy/haar briewe (Bybel) en bel mekaar gereeld (Bid). As julle verlief raak op mekaar dan raak julle verloof (doop en geloofs belydenis) as voorbereiding tot 'n huwelik (Ewig lewe saam met God).

Maar as een persoon nie deel van hierdie verhouding wil wees nie dan werk dit nie uit nie, ongeag van hoe graag die ander een dit wil hê. God is baie lief vir ons en Hy vra vir elkeen van ons: "...sal jy My bruid wees; wil jy vir ewig by My wees?"

Ons word dus nie gered omdat ons 'goed' is nie, maar omdat ons werklik lief is vir die Here, en wedergebore raak!

Die Bybel sê dit dikwels en duidelik! "...*Ek bewys barmhartigheid tot in die duisendste geslag van die wat My liefhet...*" (Ex.20).

Jesus het mense dikwels weggewys, nie omdat hulle sondig was nie, maar het Hy gesê: "...*Ek ken julle nie!*" (Luk.13:25-). 1Kor.13 sê dat al ons gawes waardeloos is sonder die liefde!

Dikwels as mense weggewys word volg 'n tweede stelling dat hulle sondaars is. Ons is wel almal sondaars, maar omdat Jesus hierdie mense nie geken het nie (en hulle ook nie vir Jesus nie), het Hy nie vir hulle gesterf nie en daarom tel hulle sondes nog teen hulle. Hulle gaan dus nog die oordeelsdag tegemoed!

Die stelling in Exodus 20 volg met die woorde “... *en My gebooië onderhou.*” Dus probeer ons nou nie meer om God se gebooië te onderhou *sodat* ons gered kan word nie, maar omdat ons lief vir Hom is, reeds gered is, en daarom probeer ons Sy wil doen.

Die bese ignoreer die eerste stelling (want hy is nie lief vir ons nie) en sit die nadruk op hierdie tweede stelling. Sowat alle valse gelowe eis dat hulle navolgers soos slawe ‘goed’ moet wees, goed moet doen en baie opofferings moet maak en al wat hulle kan hoop om daarvoor te kry is ‘n “lang en gelukkige lewe”.

As ons die Here se uitnodiging ignoreer, uitstel totdat dit te laat is of selfs “nee” sê daarvoor, dan is ons God se liefde nie waardig nie. Dan kry ons ook wat ons gekies het; die ewige lewe sonder God. Dan gaan ons saam met almal wat net vir hulle eie voordeel stry en baklei na ‘n plek van haat en selfsug waar Jesus se genade nie geld nie en waar die oordeelsdag nog vir elkeen wag! As ons vir die Here “Ja” sê dan verander ons lewens totaal: Ons leer Hom liefhê bo alles (Luk.13:25-) deur die enigste boek waardeur Hy homself aan ons openbaar naamlik die Bybel, te bestudeer. Ons sluit aan by ‘n ware kerk, een wat Jesus as God, en ons enigste saligmaker erken. Ons gaan gereeld kerk toe nie omdat ons moet nie, maar omdat ons *wil*. Daar eer en prys ons Hom vir Sy groot genade en liefde vir ons en omdat Hy heilig almagtig en volmaak is. Ons bid tot Hom(1Tess.5:17). Ons verlang na ons Here en ons kuier graag met Sy ander kinders waarvoor Hy net so lief is as vir my. Ons gee om vir mekaar (Joh.15:9), pas mekaar op, vertrou en bemoedig mekaar (Heb.10:25).

Terloops, die woord ‘mekaar’ kom sowat sestig keer voor in die Nuwe Testament, maar die woord “liefde” sowat 160 keer!

Ons wil graag gedoop word en ons geloof bely (die ‘JA’-woord gee) om ons verbintenis met die Here te bevestig. Ons gebruik gereeld nagmaal sodat ons nie sal vergeet dat Jesus vir al ons sondes betaal het, ons losgekoop en vry gemaak het. Ons bly sondig maar ons kry berou daarvoor en ons bid om vergiffenis en erken ons afhanklikheid van Hom.

Ons probeer Sy gebooië steeds onderhou omdat ons Hom wil eer daardeur en ons liefde vir Hom en ons naaste ook daardeur

wil bewys. Hy het ons welstand daardeur ter harte omdat ons lewens baie beter sal wees as ons dit wel kan onderhou.

Hy gee ook vir ons die opdrag om almal van Hom te gaan vertel, sodat Sy kinders wat Hom nog nie ken nie, ook gered kan word (Mat.4:19; Mat.10:32; Luk.12:8; Joh.15:8....)! Ons gee ons finansieële bydrae sodat God se kerk hier onderhou kan word en Sy koninkryk uitgebrei kan word. Ons erken ook daardeur dat ons alle gawes uit Sy hand ontvang.

Ons lewens begin as't ware opnuut wat nie meer net met ons eie belange besig is nie, maar waar Jesus die fokus van ons lewens word. Ons raak meer en meer lief vir Hom, en vir mekaar.

Dus het ons nou 'n verantwoordelikheid wat ons **wel** kan nakom! Ons bly egter nog sondige mense in 'n sondige wêreld en ons liefde vir God en ons naaste bly gebrekkig. Dit moet ons nie moedeloos maak nie, want hiervoor het Jesus ook vir ons betaal! Al is ons swak, die Here bly onpylbaar lief vir ons en Sy genade vir ons is baie groot! Sy krag skyn juis deur in ons swakheid! Sodra ons "ja" gesê het word ons aanvaar. Ons groei in geloof oor wonderlike jare daarna, steeds nader aan ons Saligmaker. Ons lewens hier sal nie noodwendig gemakliker word nie, maar dit word 'n wonderlike geestelike verhouding wat hier groei en aan die einde van ons bestaan hier oorloop tot die heerlike en volmaakte ewige lewe saam met Hom en almal wat ook daar wil wees!

Wat 'n wonderlike vooruitsig! Die wete dat ons pyne en laste nou maar net die geboortepyne van 'n wonderlike nuwe lewe is maak dit baie makliker om te dra! Hy verplaas die leemte in ons siele met die ryk volheid van Sy liefde en genade. Ons oordeelsdag is reeds deur Jesus vir ons afgehandel dus hoef ons nie die toekoms en die dood te vrees nie! Hoe onbeskryflik wonderlik sal dit wees as jou Skepper bly is oor jou op die laaste dag (1Kor.2:9), en jou in Sy Koninkryk in nooi! As die aarde en die hemelruim so wonderlik gemaak is net vir ons tydelike verblyf, hoe ondenkbaar wonderlik sal Sy ewige koninkryk nie wees nie? Jesus skep dit nou reeds (Joh.14:1) en Hy wil ons graag daar hê (Joh.17:24)!

Die Bese haat ons!

Die satan en sy demone is nie dom of lui nie en hy het geen gewete nie! Hy is wreed en hy haat God en vir my en jou. Hy weet baie goed dat God drie-enig ontsettend baie lief vir elke mens is, en dat God selfs nie sy eie Seun gespaar het nie sodat elke mens gered kan word. Wat satan seker nog meer omkrap is die wete dat hy nie deel kan kry aan Jesus se genade nie!

Nou probeer hy baie hard om soveel mense as wat hy kan van God af weg te hou en weg te lok, selfs tot op ons sterfbed, omdat hy weet dat God sal treur oor die mense wat van Hom geskei is en 'n baie swaar en nare toekoms tegemoet gaan! Die bese wil ons nie hê nie, maar hy wil ook nie hê dat God ons kry nie!

Hy weet dat mense verskillend dink en daarom gebruik hy verskillende metodes om mees effektief in elke geval te wees, in sy doelwit om mense van God te skei.

Hy is die vader van die leuen en hy ontmoedig ons om ernstig ondersoek te doen en om so by die waarheid uit te kom. Soos in al sy valse gelowe probeer hy om ons wys te maak dat ons goed moet wees om gered te word. Baie mense glo dat “ek so 60% goed is maar Jesus sal darem instaan vir die 40% wat ek kortkom”, en daarom behoort ek “OK” te wees!(?). Boonop “sal ek weer 'n kans kry as ons dit nie hierdie keer reg kry nie” (re-inkarnasie). Hy probeer ons wys maak dat Jesus nie werklik God is nie; dat ons sonder Jesus by God kan uitkom (Mat.13:19, 2Kor.4:3-4, 1Tes.2:18); dat die sterre ons lot bepaal: dat die Bybel onder verdenking is of selfs dat alle mense gered sal word.

Die bese gee selfs voor dat *hy* goed is, en dat *hy* god is, en baie mense dien hom! Baie ekstremiste glo dat hulle God 'n guns bewys as hulle ander mense vermoor!

Mense in Afrika het 'n obsessie met geeste van die voorvaders en ander bese geeste soos die “tokelosie”.

In die oosterse lande oorheers hy baie mense dat hulle as't ware soos slawe onder sy mag is. Hulle beleef die bese geeste werklik, en dit is vir hulle skrikwekkend! Die pragtigste goue tempels pronk selfs in die armste buurte wat getuig dat die bese groot offers eis! Hy straf hulle baie swaar as hulle nie hulle

voorgeskrewe offers betyds of op standaard vir hom gebring het nie. Hierdie mense lewe gedurig in vrees dat hulle dalk die bese geeste kwaad gemaak het, en dat hulle dalk tekort skiet! Hulle grootste hoop in hulle lewens is vir baie “good luck” en ook “a long and happy life”. Hulle het ‘n groot vrees vir die dood en wat dit vir hulle gaan inhou.

Hy oorweldig ons met baie valse en amper-reg gelowe wat dit moeilik en tydsaam maak om die enigste ware God te vind. Hy het selfs teenvoeters vir die Bybel geskrywe! Baie mense raak dan moedeloos en aanvaar ‘n geloof wat vir hulle “reg voel”.

Hy versoek ons gedurig sodat ons gedurig sal sondig, net soos hy vir Adam en Eva versoek het, en later ook vir Jesus probeer versoek het.

Ander verlei hy deur die fabels van evolusie, asof daar nie ‘n Skepper is nie en dat ons biljoene jare gelede uit ‘n sop of klip ontstaan het (Gal.1:7....)! Hy lieg so oortuigend dat amper die hele westerse beskawing dit glo!

Baie jode glo vandag nog dat hulle reeds gered is omdat hulle die uitverkore volk is!

Hy gee nie om wat ons ookal glo nie, solank dit Jesus uitsluit, want hy weet dat net Jesus ons uit sy kloue kan red. Daarom sweep Hy ons emosies op as ons van Jesus vertel, sodat baie mense dan maar swyg en nie verder wil praat, lees of luister na die Evangelie nie, net om die vrede te bewaar. Hy maak die hoorder agterdogtig, so asof die verteller groot baat gaan vind as die hoorder dit sou aanneem. En dit demp evangelisasie!

Hy werk deur mediums om mense te laat dink dat hulle werklik met afgestorwe mense in kontak is. Hy ken ons intiem en hy weet net wat om te sê om ons te oortuig. Hy gebruik dit om sy leuens verder te staaf en te versprei. Alle siele behoort aan God en Hy laat nie toe dat hulle gesteur word nie! Die enigste uitsondering was toe Saul vir Samuel laat oproep het. God het dit toegelaat maar toe Samuel werklik verskyn het die medium groot geskrik omdat dit nog nooit voorheen gebeur het nie! Saul moes met sy lewe boet vir hierdie sonde! (1Sam.28-)

Die bese hou ons baie besig met tydelike en aardse dinge. Wat doen ons as ons werk, besigheid, skool of selfs sport bots met geloofs aktiwiteite? Dan “het ons nie tyd (*vir God se sake*) nie”! Ons werk baie hard aan ons tydelike bestaan hier en ons voel baie goed as ons sukses daarmee behaal. Maar verwag ons dan werklik dat die ewige somer vanself reg gaan uitwerk?

Kersfees het hy so verdraai dat dit onherkenbaar is as die wonderlike dag toe Jesus aarde toe gekom het om ons te kom red. Dit word nou gevier as die ‘kersvader’ wat vir die kinders geskenke kom bring! Die wonderlike opoffering wat Jesus vir ons op die kruis gemaak het word deur hase en paaseiers verdraai! Hy moedig mense aan om God Drie-enig uit te tart deur Sy heilige naam gedurig te misbruik as ‘n kragwoord of ‘n vloekwoord!

As ons van Job lees dan besef ons hoe angstig die bese is om alle slegte dinge met ons te laat gebeur wat die Here hom toelaat. Toe hy die kans kry, het hy alles teen Job gedoen wat hy kon (Job1:12-20).

Die Here hou hom gedurig in toom om ons te beskerm, maar soms laat Hy toe dat die bese ons ‘n bietjie kasty. ‘n Bietjie swaarkry of skrik om ons weer nader aan Hom te trek. Soos in Job se geval, kan ons nie altyd die rede daarvoor verstaan nie.

Hy weet dat ons lot bepaal word deur ons laaste dae op aarde en hy bly aan ons torring en tot die dood toe probeer hy om ons afvallig te maak. Daarom moet ons wakker bly, onself aanhoudend ondersoek en mekaar aanmoedig om tot die einde toe aan Jesus getrou te bly. Bid ernstig en onophoudelik dat die Here ons sal beskerm en nie sal toelaat dat die bese ons oorwin nie. Maw: “..verlos ons van die bese”...

Dit is inderdaad die stryd teen die bese magte in die lug! (Ef.6:12). Hy is soos ‘n brullende leeu wat weet dat hy min tyd het, en hy sidder, (1Pet.5:8), want hy weet dat God hom nog net vir ‘n kort tydjie gaan verdra.

Die bese gee nou al vir ons ‘n baie goeie voorsmaak van hoe dit gaan wees om vir ewig saam met hierdie haatdraende

gewetenlose, en wrede wesens en hulle ander slagoffers te moet wees; kyk maar net na die nuus!

God oorweldig ons nie!

Jesus was nie populêr toe hy op aarde was nie, en anders as die fliëks wat ons sien, was Jesus nie aantreklik nie (Jes.52:14)! Ons sien geen magsvertonings of tekens in die lug nie. Geen wonderwerke of engele nie. Die bese word nog toegelaat om ons te versoek en te kasty. Die Bybel is so geskrywe dat dit vir skeptiese mense na feeverhale lyk. Baie begrippe word dmv gelykenisse vertel sodat baie, selfs slim en geskoolde mense dit nie kan begryp nie (Luk.8:10). Vir buitestaanders lyk dit asof Jesus homself nie van die kruisdood kon red nie en dat: *“Sy volgelinge maar ‘n klomp sukkelaars is en die lewe is niks beter vir hulle nie. Net soos al die ander gelowe het hulle ook ‘n klomp wette om te gehoorsaam.....”*

Die Here probeer glad nie om ‘n verkiesing te wen nie! Hy doen nie groot opspraakwekkende bemerkings veldtogte of indrukwekkende wonderwerke of magsvertonings om mense te be-indruk nie! Hy klop net aan ons lewensdeur (Hy breek dit nie oop nie) en vra of Hy in ons lewens mag inkom.

Hy wil hê dat elkeen uit ons eie begeerte sal soek en uit liefde na Hom toe sal kom, omdat ons by Hom wil wees! Hy wil nie onwaardige mense lok nie! Hy het selfs sy eie teenstander geskep, sodat ons ‘n keuse kan hê!

So word ons getoets om te bepaal of ons werklik lief vir Hom is en vir ewig by Hom wil wees, of nie.

Die Here moedig ons aan.

Het jy al gevoel dat jy iets mis, dat iets skort in jou lewe? ‘n Radio omroeper het dit mooi beskryf as: “daardie verlange na iemand wat jy nog nie ontmoet het nie”. Ons is gemaak om saam met die Here te wees en hierdie verlange is in ons ingebou. Dit motiveer ons om Hom te soek. Hierdie gevoel of instink is so sterk dat mense van elke stam, ras of taal op aarde iets aangryp om in te glo al is dit ‘n valse geloof, in ‘n poging om hierdie leemte te vul.

Hierdie neiging bestaan in geen ander dier, voel, vis of skepsel op aarde nie omdat dit nie relevant vir hulle is nie!

Hy het ons die Bybel gegee wat ons alles vertel wat ons moet weet om gered te kan word (2Tim.3:16, Rom.1:16). Dit is die enigste boek waarin God homself aan ons openbaar.

Hy maak ons soms wakker en trek ons nader op verskillende maniere, soms deur 'n skok of swaarkry.

Die Heilige Gees werk in ons en help ons om die Evangelie te verstaan, aan te neem en oor te vertel. Hy bemoedig en vertroos ons gedurig.

Die Here gebruik sy volgelinge om Sy boodskap uit te dra. Dit is 'n uiters belangrike taak wat aan ons opgedra word!

Hoekom is daar dan so baie swaarkry?

Anders as wat baie mense dink, word ons baie selde gestraf deur swaarkry. God se liefde vir ons is baie groot en Hy kan swaarkry gebruik om ons na Hom toe terug te bring sodat Hy ons weereens met Sy liefde kan vertroos. God se prioriteit is die ewige en Sy doel is nie om ons kortstondige lewe hier gemaklik te maak nie, maar om ons te red en voor te berei vir Sy ewige koninkryk! Swaarkry bou karakter, en dit is vir Hom belangriker as ons tydelike gemak hier.

God het die paradys en alles om ons so asemrowend mooi gemaak vir die mens. Maar die eerste kans wat ons as mens gekry het draai ons ons rug op Hom en ons gehoorsaam die satan, die slang! Die dood het nie bestaan voordat Adam en Eva gesondig het nie. Die Israeliete het baie swaar gekry as slawe in Egipte en ernstig gebid en gekerm dat hulle bevry sal word. God het hulle gekerm gehoor en die Israeliete uit die slawerny van Egipte op 'n wonderlike wyse gered! Deur nog 'n wonderwerk kon die Israeliete droogvoeds deur die Rooisee stap op pad na die beloofde land.

Die Israeliete was egter skaars in die woestyn toe hulle reeds van God se verlossing vergeet het en Hom weereens teleurgestel deur 'n goue kalf te maak om te aanbid in plaas van God! Die Israeliete het terug verlang na “die vleispotte van

Egipte”, eerder as om uit te sien na die wonderlike land wat God aan hulle belowe het en waarheen hulle op pad was. Vergeet ons nie ook maar maklik die wonderlike belofte van ‘n volmaakte ewige lewe met Hom wanneer dinge hier ‘n bietjie moeilik raak nie?

Sowat tweeduisend jaar gelede het Jesus met oorgawe en geduld Sy lewe gegee om ons as mens op aarde te kom dien en red. En wat doen ons? Ons kruisig Hom! En nog meer verstommend; Hy laat ons selfs toe om dit te doen, en dan bly Hy nog steeds lief vir ons!

Ons is dikwels be-angs as ons swaar tye tegemoet gaan. Dan bid ons so intens dat die Here ons moet help. En as die Here dit wel doen, selfs deur ‘n wonderwerk, dan vergeet ons baie gou om Hom te dank en te prys daarvoor! Ons skryf dan selfs ons uitkoms toe aan ons “geluk”, of “soos die toeval dit wou hê...”!

Ons het God uit ons parlement, ons skole, ons uitsaai dienste, besighede (en ons gesinne?) verban. Die fabels van evolusie word nou in ons skole geleer. Ons misbruik Sy heilige naam gedurig as ‘n kragwoord. Ons aanbid sukses by die werk, skool en sport maar ons het nie meer tyd oor vir kerk sake nie. Ons het die wonderlike tyding van kersfees en paasfees omskep in fabels vir kinders ‘n leuen oor ‘kersvader’, hase en eiers!

En dan het ons nog die vermetelheid om Hom te blameer vir alles wat verkeerd gaan in ons lewe (Rig.10:13-)!

Ons verdien om swaar te kry omdat ons sondig is en omdat ons die bose gehoorsaam eerder as God. So dikwels is ons swaarkry ‘n direkte gevolg van ons eie oortredings!

Maar ons swaarkry hier is niks in vergelyking met wat Jesus vir ons verduur het nie! Hy was sondeloos maar Hy het die grootste swaarkry wat ons verdien, vrywillig op Homself geneem! Ons swaarkry is maar ‘n klein bydrae wat ons maak tot die geboortepyne van die ewige lewe!

As alles goed en voorspoedig gegaan het met ons, dan sou ons gedink het dat ons self oor die weg kan kom en dan sou ons Hom nie gesoek het nie en so verlore geraak het. Kyk na Europa!

Die tweede grootste gebod is dat “ek my naaste moet liefhê soos myself”. Hiermee wil God hê dat ons vir mekaar moet omgee, bemoedig en oppas, en so mekaar se swaarkry verlig. Dit is egter goed om te weet dat ons hemelse Vader ons steeds bewaar, en dat Hy ons nie bo ons vermoë sal beproef nie!

Bely voor mense...en word gered: (Rom.10:8-).

Verkondig in verantwoordelikheid (2 Kor.1:17; 1Tim.4:13-) en sonder argumente (2Tim.2:14-23, 1Tim.6:20), tydig en ontydig (2Tim.4:2). Die Here vra ons meer as drie-en-twintig keer in die Bybel om te gaan vertel.

Daar is seker geen ander manier waarop ons ons liefde vir God en ons naaste kan bewys, as deur evangelisasie nie! As ek dan weet hoe wonderlik dit saam met God gaan wees, en hoe aaklig dit sonder Hom gaan wees; watter soort mens sou ek dan wees as ek stil bly hieroor? As ‘n mens wat ‘n ander uit ‘n tydelike verknorsing red as ‘n held beskou word, hoeveel te meer nie iemand wat ‘n ander vir die ewige lewe help red nie? God het alle mense lief, daarom wil Hy ons gebruik om te help om verlorene gaan haal.

Hoekom is dit dan so maklik om iemand entoesiasies te vertel van ‘n lekker vakansie, my verloofde of my stokperdjie, maar dit is so moeilik om van ons wonderlike Saligmaker te vertel wat sekerlik alles anders oortref? Dit is omdat die bese neutraal staan oor ons wereldlike sake, en hy gee nie om hieroor nie!

Die hoofdoel van evangelisaie is om mense na God toe te bring. Die bese se misie is egter om mense van God te skei. Evangelisasie is dus loodreg teen die bese se misie in, en hier probeer hy baie hard om elke poging te laat vaal! Hy beïnvloed ons om so ongemaklik en gespanne moontlik te wees sodat ons nie die regte woorde kry nie, stotter en sonder selfvertroue vertel sodat die hoorder ‘n negatiewe indruk kry. Hy probeer ook om die hoorder kwaad te maak sodat hy nie luister nie!

‘n Vasberade poging is nodig om teen satan te stry. Maar dit is soos ‘n drumpel; as jy eers daaroor is dan word dit werklik maklik; *“...staan die duiwel teë en hy sal van julle af*

wegvlug.”(Jak.4:7). As ons kalm bly en vasberade en in liefde van God se groot liefde vir ons vertel dan word dit wonderlik! Dan is jy nie meer net ‘n toeskouer nie maar dan het jy werklik kant gekies; vir God en teen die bose! Jy is nou deel van God se stryd! Jy is besig om aan God se koningryk te werk; ewige werk wat ewige vrugte dra! En so verstewig ons ons verhouding met Hom en leer ons Hom baie meer persoonlik ken!

Behalwe vir ons liefde vir God en ons naaste het ons geen kwalifikasies nodig nie, en dus ook geen verskoning nie. Moses en baie ander het gehakkel en die apostels was eenvoudige mense. Die Here werk graag saam met ons en die Heilige Gees sal in die harte van mense werk terwyl ons vertel, waar dit Sy wil is. Uit eie ondervinding het ek gesien dat van my beste besoeke geen invloed gehad het nie, en van my swakste pogings dra vrugte! God se krag skyn deur in ons swakheid! Hy vra nie van ons om alle mense te bekeer nie! Net om te vertel.

Baie mense voel geroepe om na vreemde lande toe te gaan en daar in die vreemde te gaan woon en verkondig. Daar is egter baie mense in ons eie leefruimte wat in werklikheid nog verlore is. Selfs kerkmense glo nog dat ons ‘goeie’ lewenswyse kan help om ons te red. So baie besef nog nie dat ons liefde vir Hom en mekaar noodsaaklik is en daarom ook ons betrokkenheid by Sy bruid; Sy kerk.

Vertel in liefde wat jou geloof vir jou beteken. Hoe genadig en liefdevol ons Skepper (vir jou) is. Hoe baie vrede jy daaruit put en hoe graag jy by Hom wil wees. Vermy woorde soos “jy moet...” of “jy mag nie...” As jy tyd het vertel volgens die inhoud van hierdie boekie.

Baie mense weier om dit te aanvaar al vertel jy ook hoe oortuigend. Laat vaar hulle gerus! Onthou dat min mense gered sal word. Ons plig is net om te vertel, nie om Christene te ‘maak’ nie! As ons vertel het is dit nou hulle eie keuse, en as die Heilige Gees mense nie motiveer nie dan sal ons dit nooit reg kry nie! As die saadjie geplant is ontkiem dit dalk tog later!

Ongelukkig is spasie hier beperk. Ons boekie “Vertel met Vreugde” bespreek evangelisasie in groter detail en is ook gratis

beskikbaar. Ons help ook graag op praktiese maniere waar moontlik! Vra gerus, ons kontak nommer verskyn op die laaste bladsy.

Samevatting

God is liefde. Hy het besluit om skepsels te maak waarvoor Hy lief kan wees en kan versorg, vir ewig. 'n Skepsel wat vir Hom ook lief sal wees. 'n Liefde sonder bybedoelings. Soos 'n ouer - kind verhouding, 'n huweliksverhouding of soos boesem vriende; net volmaak.

God het oorweldigend en telkemale Sy liefde en omgee vir ons bewys deur die prag van die skepping en baie ander wonders waardeur Hy ons dikwels gered het en nou nog doen.

Ons mense het die Here baie dikwels teleurgestel omdat ons Hom so dikwels verwerp het, en persoonlik doen ons dit nog daaglik. Ons is eerder besig met ander dinge wat vir ons belangriker is; ons werk, sport, loopbaan of geld. Ons het Hom verwerp en agv ons sondes bly ons verlore en verwerp.

Die grootste opoffering het Jesus op die kruis in ons plek kom maak om ons weer vry te koop! Ongelooflike liefde en genade – net vir ons! Nou kan ons weer by die Here uitkom!

Hoe maak ek my saak reg?

As ek graag gered wil word dan moet my lewe dit nou reeds wys. Ek moet deel van Sy bruid se liggaam word. Ek kan nie sê dat ek graag met God wil wees as ek te besig is met my werk, loopbaan of sport om tyd en energie aan die Here en Sy kerk te gee nie! As ons nie nou al omgee en betrokke is met die Here en Sy ander kinders waarvoor Hy net so lief is as vir my nie, dan sal ons dit ook nie in die hemel kan doen nie. *Dit* is ons liefde waarvoor ons getoets word en nie ons “goeie” dade nie!

As ons nalatig is hieroor of selfs verkies om nie saam met God te wees nie, dan kry ons ook wat ons wil hê; ons gaan dan na die plek waar God nie is nie, saam met almal wat net vir hulle eie voordeel stry en baklei. 'n Plek van haat en selfsug waar Jesus se genade nie geld nie, waar die bose nie meer gestuit sal word nie en waar die oordeelsdag nog vir elkeen wag!

In geheel is dit vir my soos 'n afskei proses. Soos gravitasiekrag wat olie en water in 'n emmer van mekaar skei, so word die mense wat vir ewig saam met God wil wees geskei van die wat nie werklik omgee nie. Die bese is soos gravitasiekrag wat alle mense van God af weg trek. Die mense wat onverskillig is en maar net lewe vir hulle eie voordeel sak af en word geskei van die wat God soek en 'n verhouding met Hom opbou. Ware Christene is soos die olie wat bo-op dryf: Afsgekei maar nog steeds absoluut afhanklik van Jesus om afgeskep te word!

Ons bekering en wedergeboorte is dus uiters belangrik, maar dit is ook baie wonderlik. Die mensdom se bekommernis oor die voortbestaan van die aarde en die natuur verander in blydskap as ons sien dat die aarde se einde nader kom, en dat ons ontmoeting met ons Saligmaker dus ook nader kom! Net so is ons nie besorg as ons tydelike ligame oud en afgetakel raak nie. Ons wil nie ons lewens op aarde uitrek en vir ewig hier bly nie. Ons sien eerder uit na ons nuwe en verheerlikte ligame in 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, saam met God in volmaakte liefde, harmonie en omgee vir mekaar. Ons menslike verstand kan nie begryp hoe wonderlik dit gaan wees nie (1Kor.2:9-)!

Hierdie boekie is maar net 'n rigtingwyser na die ware en enigste boek naamlik die Bybel. Die Bybel is bewysbaar en bevat alles en baie meer as wat ons nodig het om gered te word. Die Evangelie volgens Johannes is 'n goeie plek om die Bybel te begin lees, gevolg deur die res van die Nuwe Testament. Die ou testament is baie goeie agtergrond.

Persoonlik beskou ek my geloof as my grootste bate en ek sal dit nie verruil vir enigiets of selfs alles op aarde! Ek wil nie eers oorweeg dat ek sonder die Here moet lewe nie! Dit is vir my te wonderlik, en dit maak die lewe vir my werklik betekenisvol en die moeite werd!

Ek sien my Skepper nou as 'n wonderlike, liefdevolle, alomteenwoordige, regverdige en almagtige God wat amper ongemerk ons alles beheer en oorheers. Hy het alles geskep wat ons is, wat ons kan waarneem en baie wat ons nie eers kan sien of verstaan nie! Tyd, fisika en selfs die wetenskap wat baie

kenners meen die mensdom kan red, het God geskape. Ons kan nie 'n oomblik sonder Hom bestaan nie! Hy is regverdig, stadig om te straf en gou om te vergewe en bowenal is Hy ongelooflik lief vir elke mens, tenspyte van al die teleurstellings wat ons Hom besorg het! Hy het 'n passie vir Sy skepping, en Hy wil elkeen van ons vir ewig by Hom hê, as ons maar net na Hom wil kom!

Ek hoop, bid en vertrou dat Hy my sal vergewe en aanvaar. Ek is baie bly en dankbaar vir alles wat Hy vir my gedoen het en steeds doen. Ek verlang na Hom met 'n groot verlange! As ek so na Sy wonderlike skepping en Sy groot liefde en genade vir ons kyk, dan weet ek dat dit die wonderlikste tyd van my bestaan gaan wees! "Totally awesome", vir ewig! So wonderlik dat ons dit nog nie kan verstaan nie! Ek kan nie wag nie!

As jy Sy uitnodiging ook aanvaar, dan is ek ook baie bly vir jou en dat my Vader my dalk gebruik het om jou te haal! Wat 'n eer!

Hoe kan ek dit alles Glo?

Die volgende kan help om sekerheid te kry, maar die onus is op elkeen van ons om onself te oortuig van die waarheid.

Die Bybel is die enigste bron waarin God Homself aan ons openbaar. Dit is ook 'n raamwerk waardeur ons alles wat ons beleef, die gebrokenheid, haat en geweld, die natuur, die heelal en selfs die geesteswêreld kan verklaar.

Baie mense, selfs prokureurs, het die Bybel verkeerd probeer bewys, maar in die proses het hulle self oortuig geraak dat dit selfs in 'n geregshof waar bewys kan word! Lees gerus: *The (new) Evidence that demands a verdict*; deur Josh McDowell.

Geskiedkundiges meen dat as drie of meer geskifte deur verskillende skrywers dieselfde gebeure beskryf, dat dit betroubaar is. Die Evangelie deur vier verskillende skrywers is in die Bybel opgeneem, maar sowat 14000 is geskryf! En almal kom ooreen! Dit bewys hoe waar en belangrik die Evangelie is!

Die Bybel is 'n samevatting van 66 boeke en geskifte wat geskryf is deur ongeveer 40 verskillende mense. Daar is meer as 239 beskrywings van gebeure in een skrif, wat ook beskryf word in ander skrifte of waarna daar verwys word. Al hierdie boeke

vorm dus 'n samehangende eenheid wat mekaar versterk, aanvul en in geheel sinvol is.

Die verskillende boeke is oor 'n tydperk van ongeveer 1600 jaar geskryf. Dit strek dus oor 'n tydperk van sowat 50 geslagte! Baie van die oorspronklike boeke verskyn in twee of meer tale en ons Bybels word met elke nuwe vertaling direk uit al die oorspronklike tale vertaal. Dus kan die Bybel meer en meer betroubaar word met elke nuwe vertaling! Lees gerus die voorwoord in jou Bybel.

Die Bybelse tydlyn van so 6000 jaar sedert die skepping en 4000 sedert die Groot Vloed word bevestig deur die tempo wat die aarde sy momentum en sy magnetiese veld verloor, die maan verder van ons af weg beweeg, komete en Jupiter se ringe massa verloor, die seewater meer sout word, woestyne groter word, gronderosie en die wereld bevolkings aanwas.

Baie gebeure wat in die Bybel beskryf is kan bevestig word. Daar is bv baie tekens dat die vloed van Noag wel gebeur het. Die Egiptiese strydawiele is in die Rooisee gevind tesame met die pilare wat destyds daar opgerig is om die Israeliete se deurgang te herdenk. Dan is daar nog baie ruines van die plekke wat in die Bybel genoem word soos Efese, Rome en baie in Israel.

Ruimterise en riviere wat in "bloed" (besoedeling) verander is twee voorbeelde van baie voorspellings wat nou in ons tye gebeur. Die destydse skrywers sou dit nie kon begryp het nie. Dit bewys ook dat die Bybel deur God geïnspireer is (2Tim.3:16).

Die antieke Dooie See perkamente wat onlangs gevind is bevestig die inhoud van ons Bybel van vandag! Ons Bybel het dus nie oor tyd "korrup geraak" soos somiges beweër nie!

Net 'n bietjie logika: Sou dit moontlik gewees het dat hierdie wonderlike skepping tot stand sou kon kom as die Skepper daarvan nie 'n groot liefde en passie daarvoor gehad het nie? Ek weet uit ondervinding dat dit baie sorgvuldige beplanning en berekening verg om selfs 'n eenvoudige rekenaar te maak, en dan gaan dit nog gepaard met baie verstellings, regstellings en nasorg. Die kleinste lewende sel is meer ingewikkeld as 'n groot stad, en dit het baie onderhoud nodig! Niks word vanself beter nie; intendeel as iets nie mooi onderhou word nie dan vergaan

dit spoedig! Yster roes en hout verrot, en kyk maar net wat met die aarde gebeur! Ons en alles om ons is beslis deur 'n liefdevolle, passievolle en alwetende Skepper geskep, en Hy onderhou dit nog steeds!

Baie mense wat 'n amper-dood ondervinding beleef het, getuig dat wat hulle gesien het, *of* wonderlik (hemel) was, *of* aaklig (hel).

Die Bybel bevat alles wat ons nodig het om gered te word.

NB: Die volgende temas kom baie meer dikwels voor as wat hier aangedui word!

God Drie-enig; Vader, Seun en Heilige Gees.

- 1) **Doop hulle in die naam van...**: Mat.28:19 ++
- 2) **Pas ons op**: Jes.43:1
- 3) **Is bly oor elkeen wat bekeer**: Mat.18:12-, 2Pet.3:9, 1Tim.2:4
- 4) **Alles behoort aan God**: Ps.24:1
- 5) **God versoek niemand nie**: Jak.1:13
- 6) **God tugtig die wat Hy liefhet**: Heb.12:6

Seun: Jesus Christus.

- 1) **Jesus aanvaar aanbidding as God. Hy was van die begin af daar**: Mat.1:23; 8:2; 14:33; 28:9; Luk.24:52, Joh.9:38; Joh.1:1- Heb 1:3;18, Rom.9:5, Jes.7:14.
- 2) **Jesus is Here; God en mens. Ons is verlore as ons dit nie glo nie...**: Joh.20:28, 1Tess.1:1-, Jes.9:5, 1Joh.4:2-, Heb.8:26, Joh1:1, 14, 8:24.
- 3) **Jesus is die beeld van God**: Kol.1:15; **deur die Vader gestuur**: Joh.5:36.
- 4) **Hy was sonder sonde**: 2Kor.5:21, Heb.4:15, 1Pet.2:22, 1Joh.3:15.
- 5) **Hy is die bruidegom van die kerk** 2Kor.11:2
- 6) **Is gekruisig om ons te red**: Evangelies, Rom.8:32, Joh.3:16, 1Pet.1:18; 3:18, 2Kor.5:21.
- 7) **Ons enigste weg na God**: Joh.6:40, 54; 14:6; 15:4-; 1Joh.5:1-; 1Tim.2:5, Hand.4:12, 2Tes.1:8.
- 8) **Het gekom om ons te dien**: Mark.10:45, Fil.2:7-,
- 9) **Hy klop aan ons deur**: Op.3:20.
- 10) **Bring verdeeldheid op aarde**: 2Kor.13:13-, Luk.12:51.
- 11) **Was nie aantreklik of populêr nie**: Jes.52:14, Jes.53:2-.
- 12) **Het dikwels tussen sy vyande verdwyn..**: Luk.4:28.
- 13) **Gaan om vir ons plek te maak**: Joh.14:1.
- 14) **Kom weer**: Mark.13:26, Heb.9:28, Op.22:7.

Die Heilige Gees.

- 1) **Een met die Vader en die Seun**: Mat.28:19, 2Kor.13:14.
- 2) **Is 'n Goddelike persoon**: Hand.4:2; 5:3, 1Kor.3:16-; 6:11, 2Kor.3:17-, Mat.28:19.
- 3) **Kan bedroef word**: Jes.63:10, Ef.4:30, 1Tes.5:19.
- 4) **Maak ons ontvanklik vir die Evangelie**: Joh.14:16-26,16:7-15.; 1Kor.2:4,10.
- 5) **Woon in gelowiges**: 1Pet.4:14, Ef.5:18.
- 6) **Inspireer profete**: Num.11:29, Miga 3:8, Sag.7:12, 2Pet1:21.
- 7) **Hy praat deur psalm digters**: 2Sam.23:2, Hand.1:16, Heb.3:7.
- 8) **Help ons om die satan te beveg**: Ef.6:17
- 9) **Woon in die kerk**: 1Kor.2:16, **Wys leiers aan**: Hand.20:28, **Kies bedienaars**: Hand.13:2,
- 10) **Stuur evangelisasie**: Hand.8:29,39,16:6

11) **Is teenwoordig waar mense in Sy naam bymekaar kom...:** Mat.18:20

Engele.

- 1) **Is geeste:** Heb.1:14, **geskep deur God:** Kol.1:16, Ps.148
- 2) **Word gestuur na mense:** Hand.8:26,27:23,
- 3) **Blydskap oor een sondaar wat bekeer:** Luk.15:10.
- 4) **Verskyn aan Maria:** Luk.1:30.
- 5) **Maak tronkdeure oop:** Hand.5:19; **Rol die klip weg:** Mat.28:2

Satan en demone.

- 1) **Was engele wat opstandig gekom het:** 2Pet.2:4, Judas 1:6, Es. 28:13-17.
- 2) **Uit die hemel verban is:** Jes.14:12-.
- 3) **Moordenaar:** Joh.8:44
- 4) **Jesus het hom oorwin:**1Joh.3:8, Mat.4:1, Mar.1:12, Luk4:1
- 5) **Bose magte in die lug... Maak ons ongehoorsaam:** Ef.2:2; 6:12.
- 6) **Brullende leeu, weet dat hy min tyd het:** 1Pet.5:8, Op.12:12.
- 7) **Gee voor dat hy goed is:** 2Kor.11:14. **Wil aanbid word:** Mat.4:9, Luk.4:7
- 8) **Belemmer verspreiding van Evangelie:** Mat.13:19, 2Kor.4:3, 1Tes.2:18.
- 9) **Vervolg die kerk:** Op.2:10, Op.12:13.
- 10) **Teister ons met siekte:** Job.2:7, Luk.13:10-, Hand.10:38
- 11) **Lieg so oortuigend dat teroorste glo hulle doen God se werk:** Joh.16:2.
- 12) **Weerstaan hom, en hy sal van jou af wegvlug:** Jak.4:7.
- 13) **Sy einde:** Jes.14, Op.20:10, Rom.16:20.

Die mens.

- 1) **Vir 'n kort tydjie, minder as die engele:** Heb.2:6.
- 2) **Is tydelik op aarde:** 1Pet.1:17.
- 3) **Ons het almal gesondig:** 1Joh.1:8, Rom.3:10-, Ps.14:2
- 4) **Die sondige mens bedroef die Here:** Gen6:6.
- 5) **Min mense word gered:** Luk.13:22, 18:8, Mat.7:14, 22:14.
- 6) **Swaarkry agv geloof:** 1Pet.4:12, Heb.10:32-.
- 7) **Sal oor engele oordeel:** 1Kor.6:3
- 8) **'n Vrou moet nie lei in 'n erediens nie:** 1Kor.14:34, 1Tim.2:8-.

God drie-enig is baie lief vir ons.

- 1) **Groot liefde vir ons:** Ex.20:6, Sef.3:17, Joh.3:16, Ps.23; 107:1; 136:9; 145:8, Ef.3:16-; 5:25, Rom.8:37, 1Joh.3:1; 4:8, Jes.30:18-; 49:15; 61:10; 62; Jer.9:22; 31:3
- 2) **Jou naam is in Sy handpalms gegraveer:** Jes.49:15-16.

Ons liefde en verhouding, nie ons 'goeie' dade nie!

- 1) **God liefhê, en ons naaste:** Mat.22:37, Mark.12:19;30, Luk.8:47; 10:27; 11:42., 1Kor.13-. Jak.2:5;13
- 2) **Jesus moet ons ken, en ons Hom:** Mat.7:23, Luk13:25-.
- 3) **"Daarom moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het."** 2 Petrus 1:10:
- 4) **Abraham was God se vriend:** Jak.2:23
- 5) **Ons afhanklikheid erken (krimineel op kruis)** Luk.23:42.
- 6) **Wie glo sal gered word:** Joh.3:15,36. **Goeie dade kan ons nie red nie:** Rom.9:11
- 7) **Geloof sonder werke is dood:** Jak.2:13- 26, Joh.5:39.
- 8) **Ons moet mekaar dien:** Fil.2.
- 9) **Wedergeboorte is noodsaaklik. Toets jouself:** Joh.3:3, 2Kor.13:5.
- 10) **Op Jesus vertrou...:** Joh.3:36.

- 11) **Bid:** Joh.16:24, Jak.5:16, Luk.12:51, Mat.5:44, Ps.122:9.
- 12) **Soos kinders word:** Mat 18:1-, Mark.10:13.
- 13) **Ons moet soek:** Mat.6:33; 7:7- Luk.11:9; 12:37, Mat.7:7, Spr.8:17.
- 14) **Toets alles, behou wat goed is:** 1Tess.19
- 15) **Aardse wysheid is dwaas:** 1Kor.1:19
- 16) **Die kruisdood lyk belaglik vir verlore nes:** 1Kor.1:18,

Sending en Evangelisasie.

- 1) **Verkondig... in verantwoordelikheid:** 2 Kor.1:17; 1Tim.4:13-.
- 2) **Voetstaple van mense wat boodskap bring:** Jes.52:7.
- 3) **Gaan uit... verkondig, aan die hele wêreld:** Mat.4:19,28:19, Mar.16:15, Joh.15:8, Luk.24:47, 2Kor.5:10, 1Pet.2:9, Rom.15:19, Hand.8:4;18:9-.
- 4) **As ons nie by die mense van Jesus getuig, dan....** Mat.10:32; Luk.12:8.
- 5) **Klippe sal dit uitroep.....** Luk.19:40.
- 6) **Sonder argumente:** 2Tim.2:14-23, 1Tim.6:20;
- 7) **Tydig en ontydig:** 2Tim.4:2.
- 8) **Bely voor die mense...en word gered:** Rom.10:8-.
- 9) **Bly verborge vir geleerdes:** Mat.11:25, Luk.10:21.
- 10) **Ons kan mense nie ooreed nie... Joh.6:65; net die Heilige Gees kan:** 1Kor.2:4-14.

Sonde en vergifenis.

- 1) **Jou broer vergewe:** Luk.17:3.
- 2) **Ellende wag vir die' wat ander laat struikel:** Luk.17:1.
- 3) **Skyneheiliges:** Mat.23:13.
- 4) **Veg teen sonde** Ef.6:12, Heb.12:1- **Bely dit** 1Joh.1:9, Spr.28:13,
- 5) **Lastering teen die Heilige Gees is onvergeefbaar:** Mat.12:31, Mark 3:28-, Heb.6:4.
- 6) **Geeste raadpleeg:** Saul word gestraf met die dood: 1Kron.10:13.
- 7) **Gays en lesbeen:** Rom.1:26, 1Kor.6:9

Die ewige lewe in God se Koninkryk.

- 1) **Bestem vir die wat uitsien daarna..** 2Tim.4:8, Jes.55:1-, Filip.1:23, Op.22:17, **en Jesus aaneem;** Ps.40:14; 63; 130:3, Mark.15:43, Heb.11:13-16, Mat.26:28, 1Kor.1:7,18
- 2) **Was vir almal bedoel:** Mat.8:11-,
- 3) **Jesus sien uit dat ons met Hom sal wees:** Joh.17:24.
- 4) **Is bo ons denkeremoë:** 1Kor.2:9-.
- 5) **Ons moet geduldig daarvoor wag:** Jak.5-7.
- 6) **Kom na die satan se finale rebellie:** 2Thes.2:3.

Die laaste dae.

- 1) **Einde van die aarde en sterre :** Mat.14, Mark.13:25-, Jes.13:10; Op.6:13, 2Pet.3:10
- 2) **Laaste dae:** Daniel12-. **Tsunamis:** Luk.21:25. **Ruimtereise:** Obadja 1:4.
- 3) **Jonges profeteer, oues droom, sien gesigte:** Hand.2:17, Joel.2:28.
- 4) **Valse Christusse:** Mat.24:24.
- 5) **Net die Vader weet waneer die einde kom:** Mat.24:36, Ef.1:9-10.
- 6) **Mense sal net aanvaar wat hulle wil hoor:** 2Tim.4:3, Gal.1:7.

Die Bybel.

- 1) **Die hele Bybel is deur God ge-inspireer:** 2Tim.3:16.
- 2) **Dit is 'n krag van God. Dit red elkeen wat glo:** Rom.1:16

Ander.

- 1) **Ware kerk van God:** 1Joh.4-.

- 2) **Valse gelowe:** Luk.21.; Mat.24:3, Mark13:3; 1Tim.6:3-.
- 3) **Jode verwerp die Evangelie:** Rom.11.
- 4) **Moordenaars (moslems) glo hulle bewys God 'n guns:** Joh.16:2.
- 5) **Die hel is sonder God:** 2Tes.1:9. **Plek van smart en lyding:** Mat.8:12, 25:30, Luk.16:23.

Qur'an: Moslem / Islam.

- 1) **Jesus was meer as 'n profeet:** Sura Al-imram 3:42-55.
- 2) **Jesus is die Messias en was sonder sonde:** Sura 3:45-, 19:19-21.
- 3) **Jesus het wonderwerke gedoen:** Sura 5:110.
- 4) **Jesus het liggaamlik opgevaar:** Sura 4:158.
- 5) **Die Bybel bevat openbarings van God:** Sura 2:136; 4:163.
- 6) **Jesus se woorde staan vas:** Sura 6:115; 6:34; 10:64.
- 7) **Mohammed het geen wonderwerke gedoen nie:** Sura 17:90-.
- 8) **Mense word aangeraai om die Bybel te lees:** Sura 5:68; 10:49.
- 9) **Vermoor mense wat nie in allah glo nie ("infidels"):** Sura 9:5, 29, 47:4.

Buddhiste: Reinkarnasie; "Begeerte is die oorsaak van alle kwaad.". *Moet ons dan begeer om geen begeertes te hê nie?*

Jehovahs: As hulle werklik God se profete was, dan sou hulle nie die einde van die wereld so verkeerd voorspel het nie!

Verwysings.

Hier is 'n paar verwysings na meer inligting. Kyk gerus daarna:

- Die Bybel, Die Bybel in Praktyk en www.bybel.co.za
- Die Heidelbergse Kategismus (In Psalm boek)
- Vertel met Vreugde; Ons ander boekie wat help met Evangelisasie.
- Evidence That Demands A Verdict: Josh Mcdowel.
- Die Eerste/laaste 5 Minute Na/voor Die Dood: Isak Burger.
- Die Geesteswereld; Isak Burger.
- Die Doelgerigte Lewe: Rick Warren.
- Ninety Minutes in Heaven.
- The Greatest Hoax on Earth: dr. Johnathan Sarfati.

+++++ e ë á ó é +++++

Die nuutste weergawe van hierdie boekie en ander leesstof is gratis beskikbaar per epos (ook in Engels) en mag vrylik versprei word.

Kontak ons gerus of sms jou eposadres na: 027(0)83 7814076

+++++17/03/13+++++